

## Donderdag 6 Junie

<b>Skrifgedeelte: Handeling 20:17-38</b>	<b>Fokusgedeelte: Handeling 20:32 (1983- vertaling)</b>
--	---

### **Toevertrou aan God en die Woord van genade in oorgangstye**

By oorgangstye in 'n mens se lewe het afskeidswoorde altyd groot waarde. Dink maar aan die laaste woorde van 'n geliefde wat sterwende is.

Paulus neem hartroerend afskeid van die ouderlinge van Efese. Hy het ná drie jaar se intensiewe werk by hulle innige verhoudinge opgebou. Paulus is seker dat hy nooit weer hierdie gelowiges sal sien nie. Hulle moet nou hulleself en die kudde oppas. Daar moet nou 'n oorgang kom: van die buitengewone deurbraakwerk van die apostels, veral Paulus in baie lande, na die gewone opbouwerk van ouderlinge in elke gemeente.

Die hoogtepunt van sy afskeidswoorde was: "Ek vertrou julle aan God en die Woord van genade toe." Ek plaas julle in God se hande en niks sal julle daaruit losruk nie. Die ouderlinge word toevertrou aan God en die Woord van genade. God laat sy genade deurvloei vanuit sy Woord.

Die Woord is God se geskenk aan ons, want dit is louter genade dat God met ons praat. Die Woord is ook 'n Persoon, Christus, God se grootste genadegeskenk aan gelowiges. Dit is genade dat God ons so troos en aanmoedig, genade dat ons sy beloftes kan toeëien en gehoorsaam kan wees aan sy wil.

Ons wat toevertrou is aan God en sy Woord van genade, sal beleef hoe kragtig God ons opbou en aan ons sy erfdeel gee. God sal ons veral deur sy Genadewoord opbou om meer en meer Christus se beeld te vertoon. God sal deur sy Woord ons opbou totdat ons deur toename in genade die erfenis sal besit wat reeds in die hemel vir ons weggeleë is.

Ons lewe in oorgangstye, onseker tye, verwarrende tye, maar omdat ons oorgegee is in die hande van God en sy Genadewoord, kan ons juis die tye gebruik om getuies vir God te wees.

*Sing: Psalm 33-1:5*

*Prof. BJ de Klerk (Ben) (Emeritus)*